**7 DESEMBER** **SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: JESAJA 1:11-16**

## As die skoen jou pas ...

Hoe bekend is hierdie spreekwoord nie! En hoe waar! Die moeilikheid is dat ons mensdom se trots keer om te erken dat die skoen pas. Die volk van God na wie Jesaja God se aanklag bring, het presies op die manier daarop reageer. Dink net hoe verontwaardig moet hulle nie gewees het nie! Wie is Jesaja om so `n ernstige aantyging teen ons te maak? As regverdiging het hulle hulle stiptelike onderhouding van God se voorskrifte as bewys aangevoer.

God kyk dieper as net die uiterlike. God haat vormgodsdiens. Hy sien deur al die “getroue” offers en gebede. God kan nie `n rat voor die oë gedraai word nie! Hy het deur die offergawes en gebede van die volk gekyk tot op die tafels van hulle harte en wat Hy sien, word deur Jesaja in vers 13 verwoord: “Moenie langer julle nuttelose offergawes bring nie ...”

Uiterlik is God se voorskrifte tot op die letter nagekom, maar geestelik was die volk bankrot. Daar het bloot `n leë dop oorgebly. Die liefde vir God wat met gebede, offerandes en feesdae uitgebeeld is, het nie meer in hulle daaglikse lewe tot uiting gekom nie. Terwyl offers en feesdae en gebede in stand gehou is, is daar nie geskroom om die wet te buig, die weduwee en die wees te verontreg nie.

God se aanklag wil nie sy volk wegjaag of verwyt nie. Hy stel hulle voor `n keuse. Hulle moes hulle sonde bely en terugkom (vs. 16). Die volk moes hulle sonde erken, bely en weer God se Woord uitleef! Hulle moes besef dit gaan nie oor wat jy doen nie, maar hoe jy dit doen! God wil nie net in offerandes geprys word nie, Hy wil jou hele menswees omvat.

*Sing: Psalm 52:3, 4* *Ds Reinier van der Klashorst (Elandspoort)*